



# **basic education**

---

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V2**

**2018**

**NASIENRIGLYNE**

**PUNTE: 70**

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 45 bladsye.**

**NASIENRIGLYNE**

- As 'n kandidaat in AFDELING A en B meer as een vraag beantwoord het, word net die eerste vraag per afdeling nagesien en 'n streep word deur die tweede vraag getrek.
- Indien TWEE vrae in EEN afdeling beantwoord is, word slegs die eerste vraag nagesien.
- As 'n kandidaat twee antwoorde gee en die eerste antwoord is verkeerd, maar die tweede antwoord is reg, word die eerste antwoord nagesien en die tweede antwoord word geïgnoreer.
- As antwoorde verkeerd genommer is, word die antwoorde volgens die memorandum nagesien.
- As 'n spelfout die betekenis van die antwoord beïnvloed, word die antwoord as verkeerd aangedui. As die spelling nie die betekenis van die antwoord beïnvloed nie, word die antwoord as korrek beskou.
- By aanhalings word spelfoute en leestekenfoute nie geïgnoreer nie, maar woordorde moet korrek wees.
- As 'n kandidaat nie aanhalingstekens gebruik waar 'n vraag dit vereis nie, word die kandidaat nie geïgnoreer nie.
- By oop vrae verdien die rede/motivering die punt. GEEN punt word toegeken vir JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE. Kandidate hoef nie laasgenoemde te skryf indien die motivering JA/NEE/EK STEM SAAM/EK STEM NIE SAAM NIE insluit/impliseer nie. As JA/NEE gestel is, moet die motivering daarby aansluit om die punt te verdien.
- Vir hierdie eksamen geld die volgende nasienriglyn:  
Indien die kandidaat van 'n kolpunt gebruik maak, benader soos volg:
  - Sien die eerste antwoorde (vertikaal of horisontaal) na, ongeag die kolpunte.
  - Indien die vraag byvoorbeeld, VIER punte tel, en al vier antwoorde word by die eerste kolpunt gegee, word al vier antwoorde aanvaar.
  - Indien daar in so 'n geval vier kolpunte is, en die eerste kolpunt bevat 'n verkeerde antwoord, kan die antwoorde by die tweede/derde/vierde kolpunt aanvaar word.

## AFDELING A: ROMAN

## VRAAG 1: KRINGE IN 'n BOS – Dalene Matthee

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
1.1.1	Nadat hy die eerste keer saam met sy pa-hulle in Knysna/die dorp/by MacDonald was.	1
1.1.2	Nadat hulle die kalender begin kap het.	1
1.1.3	<ul style="list-style-type: none"> <li>Nadat hulle die kalender/boom se hout dorp toe gevat het.</li> <li>Nadat MacDonald hulle weer eens verneder/gekul het.</li> <li>Na Saul se tweede besoek aan Knysna (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1
1.2	in die skuld gehou	1
1.3	<ul style="list-style-type: none"> <li>C</li> <li>sarkasties</li> <li>C sarkasties (Enige EEN)</li> </ul>	1
1.4.1	waarheid	1
1.4.2	<p>Saul het besef/besluit dat ...</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Oupoot nie kon sterf as gevolg van 'n leuen nie.</li> <li>Terblans nie vir Oupoot mag skiet nie.</li> <li>hy bereid sou wees om self tussen Oupoot en Terblans se koeël te gaan staan.</li> <li>hy by Jozef om genade vir Oupoot sou pleit. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1
1.5	<ul style="list-style-type: none"> <li>Joram het vir Saul goeie waardes/dissipline geleer.</li> <li>Joram het Saul liggaamlik gebrei vir die lewe/hom geleer om hard te werk.</li> <li>Joram het vir Saul baie omtrent die Bos geleer. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1
1.6.1	<p>Volgens die uittreksel was daar...</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>gedurig konflik tussen Saul en Jozef.</li> <li>het die twee broers oor niks saamgestem nie.</li> <li>nie 'n goeie verhouding tussen die broers nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1
1.6.2	<p>Aan die einde van die roman ...</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>is die konflik tussen Saul en Jozef opgelos.</li> <li>het die broers tog met mekaar saamgewerk.</li> <li>het hulle mekaar gehelp.</li> <li>was daar 'n baie beter/goeie/mooi verhouding tussen die broers. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
1.7	<p>Ja.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Met Jozef moes 'n mens harde woorde/skoktaktiek gebruik om hom te laat verstaan dat hy verkeerd was.</li> <li>Dis soms die enigste manier om iemand (soos Jozef) te oortuig. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul> <p>OF</p> <p>Nee.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>'n Mens moenie iemand beledig as jy hom wil oortuig nie.</li> <li>As jy iemand kwaad maak, gaan hy in elk geval nie na jou luister nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1
1.8	<ul style="list-style-type: none"> <li>Saul het as houtkneg by MacDonald gewerk.</li> <li>Saul het vir Patterson na Meulbos toe geneem.</li> <li>Saul het meubels in Swellendam leer maak.</li> <li>Saul het die delwers van die dorp af tot bo in Meulbos geneem. (Kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeurtenis wat op die korrekte plek in die volgorde staan.)</li> </ul>	1 1 1 1
1.9	<p>Ja (ek stem saam).</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>MacDonald het 'n houvas op Saul gehad.</li> <li>MacDonald het gekeer dat Saul 'n erf kon koop.</li> <li>MacDonald het 'n verhouding tussen Saul en Kate verbied. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul> <p>OF</p> <p>Nee (ek stem nie saam nie).</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Saul was nie meer 'n houtkapper nie/sy lewe was toe beter.</li> <li>Saul het geld gehad/<b>was deel van die sosiale kringe.</b> (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1
1.10	<ul style="list-style-type: none"> <li>Saul was op pad Engeland toe/om Knysna en die Bos permanent te verlaat.</li> <li>Saul het weggevlug van MacDonald/die skewe sirkel af. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1
1.11.1	bewonder het	1
1.11.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>Saul het Maska se woorde geglo dat Oupoot Saul se dierbroer was/Saul beskerm het./<b>Maska het geweet dat Saul lief vir Oupoot was.</b></li> <li>Saul het altyd geglo dat Oupoot onskuldig was/nie gedoen het wat almal gesê het hy gedoen het nie.</li> <li>Saul was nog altyd gekant daarteen dat enige olifant geskiet moes word./<b>Saul was lief vir olifante.</b> (Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	2
1.12	<ul style="list-style-type: none"> <li>D</li> <li>Saul nie vir Maska kans gegee het om klaar te praat nie.</li> <li>D Saul nie vir Maska kans gegee het om klaar te praat nie. (Enige EEN)</li> </ul>	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
1.13	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Oproerling</li> <li>• Opstandeling</li> <li>• Weggejaagde</li> <li>• Spioen</li> <li>• Verraaier</li> <li>• Beskuldigde</li> </ul> <i>(Enige TWEE) (Aanvaar ook omskrywings)</i>	2
1.14	Goud/Saul het goud gedelf. <i>(Of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
1.15.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>• D</li> <li>• Saul se familie</li> <li>• D Saul se familie</li> </ul> <i>(Enige EEN)</i>	1
1.15.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• C</li> <li>• die houtkopers</li> <li>• C die houtkopers</li> </ul> <i>(Enige EEN)</i>	1
1.15.3	<ul style="list-style-type: none"> <li>• E</li> <li>• die delwers</li> <li>• E die delwers</li> </ul> <i>(Enige EEN)</i>	1
1.15.4	<ul style="list-style-type: none"> <li>• B</li> <li>• mense soos Freek Terblans</li> <li>• B mense soos Freek Terblans</li> </ul> <i>(Enige EEN)</i>	1
1.16.1	goed geken het	1
1.16.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Saul het besluit om vir Oupoot se eer te gaan baklei.</li> <li>• Saul wou self vir Oupoot gaan skiet.</li> </ul> <i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i>	1
1.17	Hulle kan uit die roman leer dat daar 'n verband tussen natuurbewaring en die voortbestaan van die mens is. <i>(Of soortgelyk aan bogenoemde)</i> <i>(Natuurbewaring kan omskryf word met uitwissing van die dierelewe/afkap van bome, ens.)</i>	1

VRAAG	ANTWOORD		PUNT
1.18	<p data-bbox="276 271 735 526"><b>OMSTANDIGHEDE</b> Saul se omstandighede het gesentreer om: die Bosmense se sosio- ekonomiese omstandighede/ <b>mentaliteit/hoe ander mense hulle gesien/behandel het.</b></p> <ul data-bbox="276 568 735 1720" style="list-style-type: none"> <li>• Armoede: voorkoms, blyplek, selfbeeld, ens.</li> <li>• Ongeskooldheid</li> <li>• Die Bosmense het alles aanvaar/niks bevraagteken nie.</li> <li>• Die Bosmense het geen ander toekomsverwagting gehad as om houtkappers te wees nie.</li> <li>• Die Bosmense was sku/bang vir alles buite die bos.</li> <li>• <b>Die Bosmense (van wie Saul deel was) was in die skewe sirkel vasgevang/is uitgebuit.</b></li> <li>• <b>Daar was diskriminasie teenoor Bosmense.</b></li> </ul> <p data-bbox="276 1832 735 1998"><u>Let wel:</u> Kandidate mag dit oorkoepelend noem of detail gee. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</p>	<p data-bbox="762 271 1310 302"><b>WAAROM NIE 'n SLAGOFFER NIE</b></p> <ul data-bbox="762 568 1310 1753" style="list-style-type: none"> <li>• Saul het 'n ryk man geword.</li> <li>• Saul het mooi klere gedra.</li> <li>• Saul het Engels leer praat.</li> <li>• Saul het boeke gelees.</li> <li>• Saul het na die waarheid gesoek/dinge bevraagteken.</li> <li>• Saul het later ander werk gedoen, bv. houtwerk.</li> <li>• Saul was van plan om oorsee te gaan.</li> <li>• <b>Saul het geweier om 'n pad te loop wat na nêrens lei nie.</b></li> <li>• Saul het doelbewus in die dorp gaan werk.</li> <li>• Saul is in die sosiale kringe op Knysna aanvaar.</li> <li>• <b>Saul het mooi op Swellendam aangepas.</b></li> <li>• <b>Hy het die skewe sirkel leer ken en dit teengestaan.</b></li> <li>• <b>Saul leer Engels praat/word ryk en bewys dat Bosmense se kinders nie wild en vuil was nie.</b></li> </ul> <p data-bbox="762 1832 1310 1998"><u>Let wel:</u> Kandidate kan ook net oorkoepelend noem dat Saul hom nie laat onderkry het nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</p>	2

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
1.19	Hierdie titel, <i>Die Soektog na Oupoot ...</i> <ul style="list-style-type: none"> <li>• plaas die fokus net op <b>Oupoot</b>.</li> <li>• sal net fokus op hoe die <b>soektog</b> verloop het. (Of soortgelyk aan bogenoemde) (Kandidate kan ook na die ander kant verwys, bv. fokus op <i>Saul se lewe/die kringe-tema.</i>)</li> </ul>	2
		<b>[35]</b>

**VRAAG 2: DIE ONGELOOFLIKE AVONTURE VAN HANNA HOEKOM –  
Marita van der Vyver**

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
2.1	realisties	1
2.2.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Sy het baie bont klere gedra.</li> <li>• Haar hare was altyd deurmekaar.</li> <li>• Sy het verkwaste in haar hare gestee.</li> <li>• Sy het snaakse skoene/<b>hoede</b> gedra.</li> <li>• <b>Sy het 'n swart pak op haar troue gedra.</b></li> <li>• <b>Sy het soos 'n voëlverskrikker gelyk toe sy saam met 'n man uitgegaan het./Sy het nie die verf van haar gesig afgewas toe sy met 'n man uitgegaan het nie.</b> (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1
2.2.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Mana het nie in die tradisionele rolle geglo nie.</li> <li>• Sy het nie gedink dis verkeerd as seuns met poppe speel/meisies rugby speel nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1
2.2.3	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Mana wou 'n kind hê, maar nie 'n man nie.</li> <li>• Mana het besluit om 'n proefbuisbaba te hê. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1
2.3	<ul style="list-style-type: none"> <li>• B</li> <li>• ontevredenheid</li> <li>• B ontevredenheid (Enige EEN)</li> </ul>	1
2.4	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gavin was 'n afwesige pa./Gavin was nie deel van haar grootwordjare nie.</li> <li>• Omdat haar ouers geskei was, het Hanna baie min kontak met haar pa gehad. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
2.5.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>Hanna was negatief teenoor Gavin/haar pa.</li> <li>Hanna was glad nie opgewonde oor die feit dat haar pa saam met hulle op die berg sou wees nie.</li> <li>Hanna het aanvaar dat Gavin nie deel van haar lewe was nie.</li> <li>Hanna het haar vir Gavin geskaam (omdat hy homoseksueel was)./ Hanna was bang hy gaan haar voor haar vriendin in die skande steek. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1
2.5.2	<p>Teen die einde van die roman het Hanna haar pa aanvaar/bewonder/sy goeie eienskappe raakgesien. (Of soortgelyk aan bogenoemde)</p>	1
2.6.1	<p>Mana wou hê die gesin moes mekaar leer ken/dinge saam doen/leer om met mekaar oor die weg te kom. (Of soortgelyk aan bogenoemde)</p>	1
2.6.2	<p>Ja.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Hulle het die geleentheid gehad om tyd saam met Margot/hulle ma deur te bring.</li> <li>Hulle kon hulle ma/Margot beter leer ken.</li> <li>Hulle kon sien hoe handig hulle ma met die geboorte was.</li> <li>Hulle het haar as deel van die “nuwe” familie aanvaar. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul> <p>OF</p> <p>Nee.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Hulle moes hulle ma weer groet.</li> <li>Hulle was nie seker of hulle ma/sy haar woord sou hou/hulle weer sou teleurstel nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1
2.7.1	Gees	1
2.7.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>Hulle het goed klaargekom/'n goeie/gemaklike verhouding gehad.</li> <li>Hulle het mekaar goed geken/verstaan.</li> <li>Hulle het mekaar aanvaar.</li> <li>Hulle het 'n suksesvolle egskeiding gehad. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1
2.8	<ul style="list-style-type: none"> <li>Hanna het vir Margot ontmoet.</li> <li>Hanna het 'n grimeerstelletjie as verjaardaggeskenk gekry.</li> <li>Gavin het vol modder by die huis opgedaag.</li> <li>Hanna se sussie is gebore. (Kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeurtenis wat op die korrekte plek in die volgorde staan.)</li> </ul>	1 1 1 1
2.9	<p>Ek sal anders na hulle kyk omdat ek nou besef dat ...</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>stiefouers nie altyd iets slegs is nie.</li> <li>ek iets by stiefouers kan leer.</li> <li>stiefouers 'n positiewe rol in hulle stiefkinders se lewens kan speel.</li> <li>stiefouers jou net soos jou eie ouers kan liefhê. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1



VRAAG	ANTWOORD	PUNT
2.10.1	presies geweet het wat om te doen	1
2.10.2	<p>Margot het ...</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• dadelik beheer van die situasie rondom die geboorte oorgeneem.</li> <li>• kalm gebly.</li> <li>• vir almal iets gegee om te doen.</li> <li>• haar lang naels geknip.</li> <li>• geweet hoe om die baba ná geboorte te versorg/<b>sy was 'n verpleegster.</b></li> <li>• <b>hulle gerusgestel (dat alles goed sou afloop).</b></li> <li>• <b>selfs vir die baba 'n doek (uit 'n pers waslap) gepraakseer.</b> (Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)(<b>Aanvaar ook aanhalings</b>)</li> </ul>	2
2.12	<ul style="list-style-type: none"> <li>• B</li> <li>• bekommerd</li> <li>• B bekommerd (Enige EEN)</li> </ul>	1
2.13	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Mana was nie voorbereid op die baba se koms nie./Die baba was 'n onverwagse gas.</li> <li>• Mana was ongeorganiseerd/<b>Mana was sleg met datums.</b> (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1
2.14	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Sharon wou nie weggaan nie/Sharon het lekker saam met Hanna-hulle gekuier.</li> <li>• Sharon wou nie/was nie opgewonde om huis toe (te) gaan nie.</li> <li>• Sharon wou langer (by Yann) bly. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1
2.15	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Sy het Hanna laat beseft dat sy haar nie vir haar ongewone gesin hoef te skaam nie.</li> <li>• Sy het Hanna ondersteun toe die baba so onverwags opgedaag het.</li> <li>• Sy het Hanna se gesin/die omstandighede aanvaar soos hulle/dit was. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1
2.16	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Sy was ontevrede met haar voorkoms/vel/tande/borste.</li> <li>• Sy was skaam vir haar ma/<b>pa</b>/omstandighede.</li> <li>• Sy het met haar identiteit/selfbeeld gesukkel.</li> <li>• Sy was bekommerd oor wat ander mense van haar/haar omstandighede sou dink.</li> <li>• <b>Sy het konflik met haar broers gehad.</b></li> <li>• <b>Daar was jaloesie oor die verhouding tussen Sharon en Yann.</b> (Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	2
2.17.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>• C</li> <li>• Margot</li> <li>• C Margot (Enige EEN)</li> </ul>	1

VRAAG	ANTWOORD		PUNT
2.17.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• E</li> <li>• Ditjie</li> <li>• E Ditjie (Enige EEN)</li> </ul>		1
2.17.3	<ul style="list-style-type: none"> <li>• A</li> <li>• Beyers</li> <li>• A Beyers (Enige EEN)</li> </ul>		1
2.17.4	<ul style="list-style-type: none"> <li>• D</li> <li>• Gavin</li> <li>• D Gavin (Enige EEN)</li> </ul>		1
2.18	<p>OMSTANDIGHEDE Hanna se omstandighede het om vier dinge gesentreer:</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Hanna se ingewikkelde/<b>aangelapte gesin</b></li> <li>• Hanna se gesin se <b>sosio-ekonomiese omstandighede</b></li> <li>• Hanna se <b>selfbeeld</b> (fisiese voorkoms en sy sien haarself as vaal en gemiddeld)</li> <li>• <b>Hanna het weggekruip agter haar alter ego, Fabienne/haar nuuskierige geaardheid het vir haar die bynaam Hanna Hoekom besorg</b></li> </ul> <p><u>Let wel:</u> Kandidate mag dit oorkoepelend noem of detail gee.</p> <p>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</p>	<p>WAAROM NIE 'n SLAGOFFER NIE</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Hanna het besef sy het nie nodig gehad om haar vir haar gesin te skaam nie.</li> <li>• Hanna het besef dat die mense in haar gesin meer waarde as luukshede gehad het.</li> <li>• Hanna se pa het haar oortuig dat sy <i>fabulous</i> was.</li> <li>• Hanna het Fabienne ontgroei en sou haar eie storie skryf.</li> </ul> <p><u>Let wel:</u> Kandidate kan ook net oorkoepelend noem dat Hanna haar omstandighede/mense aanvaar het.</p> <p>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</p>	2
2.19	<p>Hierdie titel, <i>Die Wittebrood in die Berge ...</i></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• sou nie Hanna se persoonlike belewenis so goed kon belig nie, want dan moes die klem op die wittebrood val/sou Hanna as hoofkarakter laat verdwyn.</li> <li>• dui op 'n baie onpersoonlike/objektiewe belewenis van die wittebrood/vakansie. (Of soortgelyk aan bogenoemde) <i>(Die kandidaat kan ook vanuit die fokus van die huidige titel motiveer.)</i></li> </ul>		2
			<b>[35]</b>

**VRAAG 3: MEEULANDERS – Esta Steyn**

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
3.1.1	nie van die Blanckenbergs gehou het nie	1
3.1.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>Skalla het Jacob se meisie/Marietjie verkrag/vir <b>Jacob na Meeuland toe laat vlug.</b></li> <li>Skalla het Matthys by sy onwettige bedrywighede betrek. (Of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	2
3.2	gehelp	1
3.3	Fred het Kinnie betaal om stil te bly dat hy haar verkrag het.	1
3.4	<p>Hermanus het ...</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>goed met die mense (van Salamanderbaai) oor die weg gekom.</li> <li>probeer om dinge op die regte manier te doen.</li> <li>nie dinge gedoen wat die mense kwaad gemaak het nie/<b>Dit was Hermanus se seuns wat die verkeerde dinge gedoen het.</b> (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1
3.5	<ul style="list-style-type: none"> <li>Ryna het (met) voëls gewerk/geteken/navorsing oor voëls gedoen.</li> <li>Attie het haar nog nie regtig geken nie/het net geweet dat sy met voëls werk. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1
3.6.1	Camilla (Calvin)	1
3.6.2	Mama Meeu	1
3.6.3	(Ou) Van	1
3.7	Hermanus het vir Ryna gehelp om 'n pos by die skool te kry. (Of soortgelyk aan bogenoemde)	1
3.8	<ul style="list-style-type: none"> <li>C</li> <li>Ryna se dagboekinskrywings</li> <li>C Ryna se dagboekinskrywings (Enige EEN)</li> </ul>	1
3.9.1	Daardie oggend was die atmosfeer vrolik/opgewek/ <b>goed.</b> (Aanvaar ook <b>negatiewe atmosfeer</b> indien die kandidaat op Skalla se aankoms fokus.)	1
3.9.2	Aan die einde van die stembag was die atmosfeer morbied/vol onheil/hartseer/ <b>sleg.</b> (Aanvaar ook <b>positiewe atmosfeer</b> indien die kandidaat op die positiewe uitslag van verkiesing konsentreer.)	1
3.10	<ul style="list-style-type: none"> <li>Ousanna het vir Jannerik van Janka se geboorte vertel.</li> <li>Jannerik het vir Janka Meeuland toe geneem.</li> <li>Ryna het Kinnie se baba in Jannerik se blyplek gekry.</li> <li>Jacob het vir Janka as sy eie kind aanvaar. (Kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeurtenis wat op die korrekte plek in die volgorde staan.)</li> </ul>	1 1 1 1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
3.11.1	Elsabet/Jacob se eks/Fred se vrou/Janka se ma	1
3.11.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>Jacob was nog lief vir Elsabet.</li> <li>Elsabet se dood was vir Jacob baie erg/'n groot skok. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1
3.12	<ul style="list-style-type: none"> <li>B</li> <li>enige biologiese familie in die huis.</li> <li>B enige biologiese familie in die huis. (Enige EEN)</li> </ul>	1
3.13.1	Hartseer	1
3.13.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>Ryna het stilgebly oor die waarheid van Janka se geboorte.</li> <li>Ryna het nie vir Fred vertel dat Janka sy eie kind was nie. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1
3.14	<p>Ja.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Fred was Janka se biologiese pa.</li> <li>Fred het die reg gehad om te weet.</li> <li>Fred sou vir Janka kon sorg.</li> <li>Die geheim moes die een of ander tyd uitkom. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul> <p>OF</p> <p>Nee.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Janka het Jacob as haar pa aanvaar.</li> <li>Dit kon Janka se hele lewe omverwerp.</li> <li>Ryna het gesweer dat sy die geheim saam met Jacob en Jannerik sou bewaar. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1
3.15	<ul style="list-style-type: none"> <li>Skalla het vir Fred afgepers oor Kinnie.</li> <li>Skalla se skelmstreke het die familie in die skande gestee.</li> <li>Skalla het hulle pa ongelukkig/bekommerd gemaak.</li> <li>Skalla het vir Janka geskiet.</li> <li>Skalla het Fred gedurig herinner aan die verkeerde dinge wat hy gedoen het.</li> <li>Skalla het van Jackie geweet.</li> <li>Skalla het van Elsabet se hartseer/die rede vir haar hartseer geweet.</li> <li>Skalla was vir Sheila se verlamming verantwoordelik. (Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	2
3.16.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>D</li> <li>Ant Hansie</li> <li>D Ant Hansie (Enige EEN)</li> </ul>	1
3.16.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>E</li> <li>Sheila</li> <li>E Sheila (Enige EEN)</li> </ul>	1

VRAAG	ANTWOORD		PUNT
3.16.3	<ul style="list-style-type: none"> <li>• B</li> <li>• Mary</li> <li>• B Mary (Enige EEN)</li> </ul>		1
3.16.4	<ul style="list-style-type: none"> <li>• A</li> <li>• Doreen</li> <li>• A Doreen (Enige EEN)</li> </ul>		1
3.17	<p>Fred het ...</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• probeer om vir sy foute van die verlede te vergoed.</li> <li>• probeer om die jarelange vyandskap tussen die twee families te beëindig.</li> <li>• aangebied om Jacob se regs-koste te betaal.</li> <li>• verantwoordelikheid vir Janka aanvaar.</li> <li>• gesê dat hy nie vir Jacob sou vertel dat hy Janka se regte pa was nie.</li> </ul> <p>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</p>		1
3.18	<p style="text-align: center;"><b>OMSTANDIGHEDE</b></p> <p><b>Ryna se omstandighede sentreer rondom:</b>  <b>Die hartseer omstandighede wat haar na Meeuland toe laat gaan het; die koue ontvangs en primitiewe blyplek op Meeuland</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Ryna het alles wat sy gehad het, verloor.</li> <li>• Ryna was gewoon aan die beste en op Meeuland moes sy in eenvoudige/vyandige omstandighede woon/werk.</li> </ul> <p><u>Let wel:</u> Kandidate mag dit oorkoepelend noem (soos hierbo) of detail gee. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</p>	<p style="text-align: center;"><b>WAAROM NIE 'n SLAGOFFER NIE</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Sy het haar nuwe lewe aanvaar/haar hartseer verwerk/'n sukses van haar nuwe lewe gemaak/haar oopgestel om weer liefde te ervaar.</li> <li>• Ryna het 'n nuwe identiteit aangeneem.</li> <li>• Ryna het deur doelbewus kreatief te leef, weer vreugde in haar dagtake gevind.</li> <li>• Sy het die beste van die eenvoudige lewe op Meeuland gemaak.</li> </ul> <p><u>Let wel:</u> Kandidate kan ook net oorkoepelend noem dat Ryna haar omstandighede/mense aanvaar het. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</p>	2

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
3.19	<p>Hierdie titel, <i>Die Mense van Salamanderbaai</i> ...</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>sal op mense soos Ant Hansie-hulle, Doreen-hulle en die Blanckenbergs fokus.</li> <li>sal nie op die (ware) Meeulanders fokus nie.</li> <li><b>dui nie op die hoofstorielyn, nl. Ryna as Meeulander nie.</b></li> <li><b>dui nie daarop dat die storie grootliks vanuit Ryna/n Meeulander se perspektief vertel word nie.</b></li> </ul> <p><i>(Of soortgelyk aan bogenoemde)</i></p>	2
		<b>[35]</b>

#### VRAAG 4: LIEN SE LANKSTAANSKOENE – Derick van der Walt

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
4.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>Lien se ma het dronk by die skool aangekom.</li> <li>Lien se ma is vir die eerste keer in die kliniek opgeneem.</li> <li>Lien se ma het haar werk verloor.</li> <li>Lien se ma is vir winkeldiefstal gevang.</li> </ul> <p><i>(Kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeurtenis wat op die korrekte plek in die volgorde staan.)</i></p>	1 1 1 1
4.2	<p>Ja.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Lien en Braam se ma het nie hulle respek verdien nie.</li> <li>Lien en Braam se ma was dronk.</li> </ul> <p><i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i></p> <p>OF</p> <p>Nee.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Kinders moet hulle ouers te alle tye respekteer.</li> <li>'n Mens moet altyd goeie maniere hê.</li> <li>Die kinders moes begrip vir hulle ma se probleem gewys het.</li> </ul> <p><i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i></p>	1
4.3	<p>Braam het ...</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>na die video's van die gesin/pa gekyk.</li> <li>by sy vriend/Deon gekuier/tuiswerk gedoen.</li> <li>aan krieket/sport deelgeneem.</li> </ul> <p><i>(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)</i></p>	2
4.4.1	versorg	1
4.4.2	<p>Lien het ...</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>vir Braam krieketklere/<b>n borg vir die span</b> georganiseer.</li> <li>Braam se hare laat sny.</li> <li>kos <b>gekoop</b>/gemaak.</li> <li><b>'n plan</b> maak om vir Braam 'n nuwe denim te kan koop.</li> <li><b>beplan</b> om vir Braam beenskutte te koop.</li> <li><b>gebedel</b> sodat sy vir Braam kon sorg.</li> </ul> <p><i>(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)</i></p>	2

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
4.5.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Lien se pa was in die tronk/<b>hy het iets verkeerds gedoen.</b></li> <li>• Lien se reaksie was die tipiese reaksie van 'n kind wie se pa in die tronk is.</li> <li>• Dit was Lien se pa se skuld dat ... <ul style="list-style-type: none"> <li>○ die gesin nie geld gehad het nie/sy moes bedel/<b>dat hulle moes swaarkry.</b></li> <li>○ die gesin hulle huis verloor het/in 'n woonstel moes gaan bly het.</li> <li>○ die gesin hulle bekende omgewing moes verlaat.</li> <li>○ Lien en Braam na 'n nuwe skool toe moes gaan.</li> <li>○ Lien die huishouding moes oorneem.</li> <li>○ Lien se ma begin drink het.</li> <li>○ <b>Lien haar skoolwerk verwaarloos het.</b></li> </ul> </li> </ul> <p><i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i></p>	1
4.5.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Lien het vir haar pa gaan kuier.</li> <li>• <b>Sy het weer met haar pa gepraat/gevra hoekom hy die geld gevat het.</b></li> <li>• Tydens die besoek het Lien beseft dat sy haar pa nie meer gehaat het nie.</li> <li>• Lien het spyt gevoel dat sy haar hand weggeruk het.</li> <li>• Die tweede keer het Lien nie haar hand weggeruk nie.</li> <li>• Lien het vir haar pa droëwors gevat.</li> <li>• Reg aan die einde van die roman het Lien saam met die res van haar gesin na die nuutste gesinsvideo gesit en kyk.</li> <li>• <b>Aan die einde was hulle weer bymekaar/gelukkig.</b></li> </ul> <p><i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i></p>	1
4.6	<ul style="list-style-type: none"> <li>• C</li> <li>• aan te dui dat Braam na 'n video gekyk het.</li> <li>• C aan te dui dat Braam na 'n video gekyk het.</li> </ul> <p><i>(Enige EEN)</i></p>	1
4.7	onbetrokke	1
4.8	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Wanneer Lien se ma dronk was, het sy uit die werklikheid/haar situasie ontvlug.</li> <li>• Wanneer Lien se ma dronk was, was sy gelukkig.</li> </ul> <p><i>(Of soortgelyk aan bogenoemde)</i></p>	1
4.9	<p>Juffrou Breytenbach het ...</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• vir Lien by die toneelstuk betrek.</li> <li>• raakgesien dat Lien probleme gehad het/vir Lien laat voel dat iemand haar raakgesien het.</li> <li>• vir Lien uitgenooi om met haar te praat.</li> <li>• <b>vir Lien gesê dat sy haar potensiaal raaksien/dat sy slim is.</b></li> <li>• <b>vir Lien gemotiveer (om die wêreld in die oë te kyk/nie net onder die radar te oorleef nie/haar probleme uit te pluig/haar volle potensiaal te bereik).</b></li> </ul> <p><i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i></p>	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
4.10	<p>Ek sal anders na hulle kyk omdat ek ...</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• hulle situasie nou beter verstaan/insig het.</li> <li>• vir hulle jammer voel/simpatie het.</li> <li>• hulle bewonder dat hulle in so 'n situasie staande kan bly.</li> <li>• sal besef hulle het hulp nodig.</li> <li>• sal besef dit is nie hulle skuld nie.</li> </ul> <p>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</p>	1
4.11	<ul style="list-style-type: none"> <li>• C</li> <li>• skaam</li> <li>• C skaam</li> </ul> <p>(Enige EEN)</p>	1
4.12	<p>Kuifie se manier/benadering was effektief, want hy het ...</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• vir Lien laat voel dat hy omgee het.</li> <li>• nie vir Lien laat voel asof sy bakhand staan nie.</li> <li>• tot Lien deurgedring/Lien oortuig dat sy sy raad kon volg.</li> <li>• vir Lien laat voel dat sy na hom kon luister/hom kon vertrou.</li> <li>• dit reggekry dat Lien sy hulp aanvaar het.</li> </ul> <p>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde) (Aanvaar ook die antwoord as die kandidaat van Gerhard/die dominee praat)</p>	1
4.13.1	<p>Kuifie het ...</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• vir Lien gevra om 'n begroting op te stel.</li> <li>• aangebied dat die kerk hulle sou help.</li> <li>• aangebied dat Lien teen vergoeding na sy baba kon kyk.</li> <li>• gesê hy sou uitvind oor Lien se ma se pensioen.</li> <li>• kon vir Lien se ma help om 'n werk te kry.</li> </ul> <p>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</p>	1
4.13.2	<p>Kuifie ...</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• het Lien se ma in die kliniek laat opneem.</li> <li>• het gekeer dat Lien se ma tronk toe gaan.</li> <li>• kon vir Lien se ma help om 'n werk te kry.</li> </ul> <p>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</p>	1
4.13.3	<p>Kuifie het ...</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• vir Lien van die straat af gekry.</li> <li>• aangebied dat Lien teen vergoeding na sy baba kon kyk.</li> </ul> <p>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</p>	1
4.14.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Toe sy Kuifie/Gerhard die eerste keer ontmoet het, het Lien gedink dat ... <ul style="list-style-type: none"> <li>○ Kuifie nie haar probleme sou verstaan nie.</li> <li>○ te jonk was/te lig in die broek was.</li> <li>○ sy Kuifie nie kon vertrou nie.</li> <li>○ sy nie na Kuifie wou/sou luister nie.</li> </ul> </li> <li>• Lien se houding was in die begin negatief/Lien het nie van hom gehou nie.</li> </ul> <p>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</p>	1



VRAAG	ANTWOORD	PUNT
4.14.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Aan die einde ...               <ul style="list-style-type: none"> <li>○ het Lien vir Kuifie/Gerhard vertrou.</li> <li>○ het Lien gesien dat Kuifie/Gerhard haar probleme kon help oplos.</li> <li>○ was Lien bereid om Kuifie/Gerhard se raad te volg.</li> <li>○ het Lien toegelaat dat Kuifie/Gerhard haar help.</li> </ul> </li> <li>• <b>Lien was positief teenoor Kuifie/Gerhard.</b> (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1
4.15.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Dit sê vir die leser hoe Lien voel.</li> <li>• Dit weerspieël Lien se emosies/gemoedstoestand. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1
4.15.2	beseft het dat daar ander mense was wat haar wou help	1
4.16	Vier/4 jaar	1
4.17.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>• D</li> <li>• Tibbey</li> <li>• D Tibbey (Enige EEN)</li> </ul>	1
4.17.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• A</li> <li>• Miemie</li> <li>• A Miemie (Enige EEN)</li> </ul>	1
4.17.3	<ul style="list-style-type: none"> <li>• E</li> <li>• Dirkie</li> <li>• E Dirkie (Enige EEN)</li> </ul>	1
4.17.4	<ul style="list-style-type: none"> <li>• B</li> <li>• Tannie Bets</li> <li>• B Tannie Bets (Enige EEN)</li> </ul>	1

VRAAG	ANTWOORD		PUNT
4.18	<p>OMSTANDIGHEDDE</p> <p>Lien se omstandighede sentreer rondom haar afwesige ouers.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Die gesin het finansiële gesukkel.</li> <li>Lien se ma was gedurig dronk./Lien se broer het haar nie gehelp nie./Lien se pa was in die tronk.</li> <li>Lien moes op straat bedel om te oorleef.</li> </ul> <p><u>Let wel:</u> Kandidate mag dit oorkoepelend noem of detail gee.</p> <p>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</p>	<p>WAAROM NIE 'n SLAGOFFER NIE</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>Lien het gaan werk/bedel om geld te verdien.</li> <li>Lien se beste eienskappe het te midde van die slegte uitgekóm, bv. onselfsugtig, hardwerkend, omgee, ens.</li> <li>Lien het staande gebly/oplossings vir probleme gesoek/ beheer geneem/<b>Kuif</b> se hulp aanvaar.</li> </ul> <p><u>Let wel:</u> Kandidate kan ook net oorkoepelend noem dat Lien haar nie laat onderkry het nie.</p> <p>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</p>	2
4.19	<p>Hierdie titel, <i>Lien se Nagmerrie ...</i></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>sal nie op die oplossing van Lien se probleme fokus nie.</li> <li>sal nie Lien se sterk karakter soos dit deur die lankstaanskoene voorgestel word, genoeg belig nie.</li> <li><b>dui nie aan dat die verhaal goed/gelukkig/positief eindig nie.</b></li> </ul> <p>(Of soortgelyk aan bogenoemde)(Kandidaat kan ook na die ander kant, bv. die positiewe kant van Lien se optrede verwys.)</p>		2
			<b>[35]</b>

<b>TOTAAL AFDELING A: 35</b>
------------------------------

## AFDELING B: DRAMA

## VRAAG 5: POPPIE – DIE DRAMA – Elsa Joubert en Sandra Kotze

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
5.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Poppie moes Lambertsbaai sonder Stone verlaat.</li> <li>• Stone het kontrakwerk in Philippi aanvaar.</li> <li>• Stone het so siek geword dat hy hospitaal toe moes gaan.</li> <li>• Poppie het vir die eerste keer gehoor sy moes Ciskei toe gaan. (Kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeurtenis wat op die korrekte plek in die volgorde staan.)</li> </ul>	1 1 1 1
5.2	<p>Nadat Poppie met Stone getroud is, ...</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• het sy nie meer vrye toegang tot <b>Lambertsbaai/Nyanga/die Kaap</b> gehad nie.</li> <li>• kon sy nie in die Kaap bly woon nie.</li> <li>• <b>moes sy weggaan Mdantsane/Ciskei toe.</b> (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1
5.3.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Sy het min geld/net 6 pond per maand ontvang.</li> <li>• Die werk was swaar/moeilik./Daar was nege mense in die huis.</li> <li>• Dit was ver van haar blyplek af. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1
5.3.2	<p>Mrs Graham het teruggegaan Engeland toe. (Of soortgelyk aan bogenoemde)</p>	1
5.3.3	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Die werk was ongemaklik./Poppie het van Sondag tot Sondag gewerk./Poppie was net Sondagmiddae los.</li> <li>• <b>Soms het mev. Scobie se kinders en kleinkinders vir ete gekom en dan kon Poppie eers drie-uur wegkom.</b></li> <li>• Poppie het Sondae gesukkel om 'n bus te kry om betyds vir Stone te gaan kuier.</li> <li>• Dit het konflik met Stone veroorsaak dat Poppie hom nie meer kon besoek nie.</li> <li>• Dit het vir Poppie moeilik geword om haar kinders in die winter so vroeg alleen te los.</li> <li>• <b>Dit was vir Poppie swaar om haar kinders soggens net met gesmeerde brood en koue tee te los.</b></li> <li>• Poppie se kinders het siek geword/kinkhoes gekry.</li> <li>• <b>Poppie het net 8 pond per maand gekry.</b> (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1
5.4	simpatiek	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
5.5	<p>Ja.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• As broodwinner moes Stone vir sy gesin sorg.</li> <li>• Die werk het sekerheid gebied./Stone en Poppie was seker van 'n gereelde inkomste./Stone kon 'n erf kry om 'n huis op te bou.</li> <li>• Sonder die kontrakwerk sou Stone nie 'n pas gehad het nie/kon die polisie hom vang.</li> <li>• Die werk het Stone die kans gegee om vroeg by die huis te wees.</li> <li>• Daar sou saans iemand by die huis wees om die kinders te versorg.</li> <li>• Dit was naby die huis./Daar was geen vervoerkoste nie.</li> </ul> <p><i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i></p> <p>OF</p> <p>Nee.</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Dit kon sy gesondheid aantas./Hy kon baie siek word./<b>Sy vingers sou seer word en die kliere onder sy arms kon swel.</b></li> <li>• Die werk kon sy dood veroorsaak.</li> <li>• <b>Die werk was moeilik.</b></li> </ul> <p><i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i></p>	1
5.6.1	<p>Ons sien deur die hele drama ...</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• dat Poppie se kinders vir haar belangrik was /al haar besluite beïnvloed het.</li> <li>• hoe bekommerd Poppie oor haar kinders was/hoe Poppie gewonder het of hulle versorg sou wees.</li> <li>• dat Poppie baie opofferinge vir haar kinders gemaak het/nie aan haarself gedink het nie.</li> </ul> <p><i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i></p>	1
5.6.2	<p>Aan die einde van die drama het Poppie besef ...</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• dat dit nie sou help om haar verder oor haar kinders te bekommer nie.</li> <li>• wat moes gebeur, sou gebeur.</li> <li>• <b>dat sy haar kinders nie uit die pad kon neem waarvoor hulle gebore is nie.</b></li> <li>• <b>sy kon hulle nie teen alles beskerm nie.</b></li> </ul> <p><i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i></p>	1
5.7	<ul style="list-style-type: none"> <li>• A</li> <li>• bang</li> <li>• A bang</li> </ul> <p><i>(Enige EEN)</i></p>	1
5.8	<p>Ja.</p> <p>As Poppie hier kniel, sluit dit aan by die feit dat sy besig was om te bid.</p> <p><i>(Of soortgelyk aan bogenoemde)</i></p>	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
5.9	<ul style="list-style-type: none"> <li>• (Na Stone se dood - <i>die krisis</i>) het Poppie voortgegaan om alleen haar kinders te versorg/teruggegaan Kaap toe, selfs al was dit sonder 'n pas. (<i>moedige optrede</i>)</li> <li>• (Bonsile se onverantwoordelike gedrag - <i>die krisis</i>) het Poppie gedwing om verantwoordelikheid vir Vukile te aanvaar/na Vukile te kyk. (<i>moedige optrede</i>)</li> </ul> <p>(<i>Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde</i>) (<i>Die kandidaat kry die punt vir Poppie se optrede</i>)</p>	1
5.10.1	<p>Poppie ...</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• het die hele tyd gesukkel om haar pas te kon verleng.</li> <li>• moes elke drie maande haar verblyfpermit laat hernu.</li> <li>• het gesukkel om 'n tydelike verblyfpermit te kry.</li> <li>• moes die Kaap verlaat omdat sy nie haar pas verder kon verleng nie.</li> <li>• het soms sonder 'n pas gewerk.</li> </ul> <p>(<i>Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde</i>)</p>	1
5.10.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Poppie moes toe net elke ses maande 'n stempel op haar pas gaan kry.</li> <li>• Daar was "No objection" op haar pas geskryf.</li> <li>• <b>Poppie hoef nie meer bang te wees sy sou (op die bus of in die straat) gevang word as gevolg van haar pas nie.</b></li> </ul> <p>(<i>Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde</i>)</p>	1
5.11.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>• C</li> <li>• Mosie</li> <li>• C Mosie</li> </ul> <p>(<i>Enige EEN</i>)</p>	1
5.11.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• A</li> <li>• Plank</li> <li>• A Plank</li> </ul> <p>(<i>Enige EEN</i>)</p>	1
5.11.3	<ul style="list-style-type: none"> <li>• D</li> <li>• Jakkie</li> <li>• D Jakkie</li> </ul> <p>(<i>Enige EEN</i>)</p>	1
5.11.4	<ul style="list-style-type: none"> <li>• B</li> <li>• Hoedjie</li> <li>• B Hoedjie</li> </ul> <p>(<i>Enige EEN</i>)</p>	1
5.12.1	wou hê hul ouers moes drink nie.	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
5.12.2	<p>Die kinders het ...</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• grootmense wat dronk was/gedrink het, geslaan.</li> <li>• grootmense wat dronk was/gedrink het, laat water drink en vere in hul kele gedruk.</li> <li>• biersale/sjebeens geplunder/<b>afgebrand</b>.</li> <li>• die woonkwartiere van die trekwerkers gaan aanval.</li> <li>• bottels drank stukkend gegooi.</li> </ul> <p>(Enige TWEE of soortgelyk aan bogenoemde)</p>	2
5.13	<ul style="list-style-type: none"> <li>• A</li> <li>• aan te dui hoe Mama haar woorde moet sê.</li> <li>• A aan te dui hoe Mama haar woorde moet sê.</li> </ul> <p>(Enige EEN)</p>	1
5.14.1	<p>Mama het haar kinders in die huis gehou/nie op straat laat gaan nie.</p> <p>(Of soortgelyk aan bogenoemde)</p>	1
5.14.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Die kinders was dronk/het in die strate geloop en drink.</li> <li>• Die kinders het biersale afgebrand/bottels drank gebreek en die drank in die straat uitgegooi.</li> </ul> <p>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</p>	1
5.15	<p>Al vroeg in die drama het Jakkie ...</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• hom opgehou met die kinders se opstand. (Kandidate mag ook voorbeelde noem van wat hulle gedoen het)</li> <li>• as die leier opgetree van die jongmense wat so moeilikheid gemaak het.</li> <li>• met die polisie gebots toe hy saam met die kinders deur die stad geloop het.</li> </ul> <p>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</p>	1
5.16.1	<p>Mosie het nie dadelik Poppie se vrae beantwoord nie.</p>	1
5.16.2	<p>iets geweet het wat sy nie geweet het nie.</p>	1
5.17	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Jakkie is nie gevang nie/het oor die grens ontvlug.</li> <li>• Poppie se kinders/Bonsile en Nomvula is deur die polisie gevang om te sê waar Jakkie was.</li> </ul> <p>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</p>	1

VRAAG	ANTWOORD	PUNT	VRAAG
5.18	<p>OMSTANDIGHEDE</p> <p><b>Poppie se omstandighede sentreer rondom haar ouers se besluite en die wette van daardie jare.</b></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Poppie moes die skool vroeg verlaat om haar ma se kinders op te pas.</li> <li>• Poppie het met 'n Xhosa-man getrou.</li> <li>• Poppie is onderwerp aan harde apartheidswette.</li> <li>• Poppie het probleme met haar verblyfpermit/<b>pas</b> gehad.</li> <li>• Poppie moes haar kinders in haar skoonouers se sorg laat.</li> </ul> <p><u>Let wel:</u> Kandidate mag dit oorkoepelend noem of detail gee.</p> <p><i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i></p>	<p>WAAROM 'n SLAGOFFER</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• As kind het sy nie 'n keuse gehad nie.</li> <li>• Die wet het bepaal dat alle Xhosavroue en -kinders Lambertsbaai moes verlaat.</li> <li>• Poppie moes die paswette gehoorsaam.</li> <li>• Sy het nie 'n ander keuse gehad as om in die Kaap te gaan werk nie.</li> </ul> <p><u>Let wel:</u> Kandidate mag dit oorkoepelend noem of detail gee.</p> <p><i>(Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</i></p>	2
5.19	<p>Hierdie titel, 'n <i>Geslag van groot vroue – die drama ...</i></p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• sal nie op Poppie as hoofkarakter fokus nie.</li> <li>• sal nie op Poppie se wedervaring fokus nie.</li> <li>• dui op verskillende vrouens se ervaring van die onregverdige wette.</li> <li>• <b>sou impliseer dat die drama net op die groot vroue fokus en daar was ook mans/kinders 'n belangrike rol gespeel het.</b></li> </ul> <p><i>(Of soortgelyk aan bogenoemde)</i></p>		2
			<b>[35]</b>

**VRAAG 6: PALJAS – Chris Barnard**

VRAAG	ANTWOORD	PUNT
6.1	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Vreemde treinwaens is op Hendrik se stasie afgehaak.</li> <li>• Willem het weggegaak.</li> <li>• Die plaaslike dominee het vir Hendrik en sy gesin kom verdoem.</li> <li>• Hendrik-hulle se huis is met klippe gegooi. (Kandidaat verdien 'n punt vir elke gebeurtenis wat op die korrekte plek in die volgorde staan.)</li> </ul>	1 1 1 1
6.2	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Hendrik het vir Willem geprys/met hom gespog.</li> <li>• Hendrik het bedoel dat Willem slim was. (Enige EEN of soortgelyk aan bogenoemde)</li> </ul>	1
6.3	harteloos	1
